

## 25. Samelewingsake

### 25.1 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET DIE OWERHEID (Artt.86, 138, 235)

A. Die Direkteur van die Administratiewe Buro, br. H.S.J. Vorster, stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Samelewingsake. (In die lig van die werkslading van hierdie Kommissie het die Sinode later 'n bykomende ad hoc Kommissie Samelewingsake II benoem (notule 138) om hierdie Rapport te hanteer - Deputate Handeling.)

C. Ds. J.P. Bingle rapporteer namens die Kommissie.

#### D. RAPPORT:

##### 1. Opdrag

Die opdragte word gevind in Acta 1994:583, 3.5 en behels die volgende:

1.1 Om die adres van die Deputate aan die Staatsdepartemente en Provinsiale Administrasies/Streekraade te stuur en in *Die Kerkblad* en *Almanak* te publiseer.

1.2 Om in die lig van genome Sinodebesluite en die Kerkorde aan sake, wat deur vergaderings in ons kerkverband, kerke waarmee ons in korrespondensie staan, die Owerheid en deur korrespondensie na die Deputate verwys is, aandag te gee.

1.3 Om wetgewing voortdurend dop te hou en, indien nodig in die lig van die besluite van die Sinode, op te tree.

##### 1.4 Benoeming van Deputate

1.4.1 Benoemde Deputate na die Sinode van die benoeming te verwittig.

1.4.2 Om Deputate te benoem waar die Sinode in gebreke gebly het om dit te doen.

1.5 Om reëlings te tref dat groete namens die Gereformeerde Kerke van die Nasionale Sinode oorgebring word.

1.6 Om die Handeling van die Nasionale Sinode 1991 en 1994 deur te gaan en die sake wat by die Algemene Sinode tuishoort, vir kennisname en behandeling deur te gee. Die Deputate moet ook die kredensiebrief, soos gereël in Sinode 1991, in orde kry.

1.7 Benoeming van 'n korrespondent vir Radio- en TV-nuusversameling.

1.8 Registrasie van huweliksbevestigings uit ander Nasionale Sinodes deur die Administratiewe Buro op Potchefstroom.

1.9 Die Deputate ontvang korrespondensie, hanteer dit sover dit binne hul opdrag val, of verwys dit na ander Deputate wat wel die betrokke saak hanteer.

1.10 Die opdrag oor die toepassing van die Wet op Publikasies moet verder gehanteer word.

1.11 Gesprek met Parlementslede/Streeksverteenwoordigers moet, indien moontlik en nodig, nog plaasvind

1.12 Ontheiliging van die Rusdag steeds onder oë te hou en te getuig waar nodig.

1.13 Betrokke wees by die beplanning en implementering van die Nasionale Plan insake Alkohol en Dwelmmisbruik.

#### 1.14 *Kapelaansdienste*

1.14.1 Hantering van Kapelaansdiens, Ooreenkoms en reëlings met betrekking tot die Kapelaansdiens.

1.14.2 Om die beginselbesluite van vorige Sinodes saam te vat en dit, waar nodig in 'n Ooreenkoms met die SANW insake die Kapelaansdienste in te werk.

1.14.3 Om volgens die nuwe reëling insake die Kapelaansdienste 'n verteenwoordiger te benoem op die Kapelaansraad.

1.15 Gesprek oor godsdiensuitsendings moet voortgesit word.

1.16 Gesprek met die Staatspresident/Owerheidsinstansies moet soos nodig voortgesit word.

1.17 Die naam van die Deputate gewysig word na: Deputate vir Korrespondensie met die Streeks- en Sentrale Owerhede.

1.18 Partikuliere Sinodes moet versoek word om self ook Deputate te benoem om met Streeksowerhede te skakel.

1.19 Deputate moet 'n Memorandum oor Satanisme opstel en aan die Owerheid voorlê met die versoek om die beoefening van Satanisme te verbied.

1.20 Deputate moet bepaal of die huidige bloed-alkoholperk vir motorbestuurders eties verantwoord is en in die lig van die bevinding, optree.

1.21 Om so gereeld moontlik noodsaaklike inligting aan Kerkrade deur te gee wat die profetiese en koninklike roeping van die plaaslike kerk kan versterk.

1.22 Deputate moet saam met die Deputate vir CO die erkenning en beskerming van Christelike opleidingsinstansies sterk by die Owerhede bepleit.

1.23 Om optrede te beplan nadat die resultate van ondersoeke deur die Deputate vir CO, insake die Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Noord-Transvaal oor die Wêreldkonferensie vir Godsdiens en Vrede, en die voorgestelde Fundamentele Regte, ontvang is.

#### 1.24 *Immigrasie*

1.24.1 Om met die owerheidsinstansies in gesprek te tree oor immigrasiebeleid en daarop aan te dring dat by die keuring van immigrante rekening gehou word met die lewensnorme van Christene in Suid-Afrika

1.24.2 Om spesifiek en algemene inligting oor immigrasie en immigrante aan die kerke deur te gee en geleenthede vir betrokkenheid deur lidmate aan te dui

1.24.3 Om met die oog op die effektiewe uitvoering van die opdragte met instansies soos MVI te skakel.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **2. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem**

2.1 Adresse deurgee aan Staatsdepartemente en Provinsiale Administrasies/Streekrade, *Die Kerkblad* en *Almanak* (Opdrag 1.1): Die opdrag is afgehandel.

2.2 Om in die lig van genome Sinodebesluite en die Kerkorde, aandag aan sake te gee (Opdrag 1.2): U Deputate het die opdrag uitgevoer deur onder andere aan die volgende sake aandag te gee (kruisverwysings na punte in hierdie Rapport): Aanhef van die Grondwet (2.9.1); Handves van menseregte (3.1.1); Geweld (2.9.5); Satanisme (2.19); Pornografie (3.1.12); Versoenings- en Waarheidskommissie (2.9.23); Dobbel (3.1.7); Eutanase en die kunsmatige instandhouding van lewe (3.1.2); Openbare vakansiedae (2.9.22).

2.3 Om wetgewing voortdurend dop te hou (Opdrag 1.3): Die Deputate verwys u na 2.2 van die Rapport.

2.4 *Benoeming van Deputate* (Opdrag 1.4): Die Deputate het die volgende gedoen

2.4.1 Al die voorsitters van Deputate soos deur die Sinode aangewys, kennis gegee van die benoemings en ook die opdragte soos by die benoemings aangegee, aan die voorsitters deurgegee.

2.4.2 Die Deputate het dr. C.J. Malan, bykomend by dr C.F.C. Coetzee, benoem op die Deputate wat die Handeling uitgee.

2.5 *Groete oorbring* (Opdrag 1.5): Die volgende persone is versoek om groete oor te bring:

2.5.1 Sinode Middellande 8 - 10 Februarie 1994 - ds. A.Z. Pelser.

2.5.2 Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk - 11 - 20 Oktober 1994 - prof. J.M. Vorster.

2.5.3 Sesde Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika - 4 - 9 September 1994 - ds. J.A. Schutte

2.5.4 Vier en sestigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika - 26 Junie 1995 - prof. J.H. van Wyk.

2.5.5 Nasionale Sinode Soutpansberg van die Gereformeerde Kerke - 28 Junie 1995 - prof. H.F. van Rooy.

2.5.6 Sinode van Oos-Transvaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk - 21 Augustus 1995 - ds. A.Z. Pelser.

2.6 Sake deurgee aan die Algemene Sinode (Opdrag 1.6): Die wysiging wat aan KO, art.59 aangebring is, is na die volgende Algemene Sinode deurgestuur.

2.7 Benoeming van 'n korrespondent - Nuusberigte (Opdrag 1.7): Die Skriba van die Deputate is benoem. Soms is berigte deurgegee

maar uit die aard van die werk, kan min van werk van die Deputate as nuusberigte deurgegee word.

2.8 Registrasie van huweliksbevestigings - ander Nasionale Sinodes (Opdrag 1.8): Die Administratiewe Buro het die opdrag uitgevoer en sake hierby gehanteer.

2.9 Ontvangs van korrespondensie, en verspreiding waar nodig (Opdrag 1.9): Verskeie briewe is ontvang met direkte versoeke vir optrede deur die Deputate. Hierna volg 'n opsomming van die korrespondensie:

2.9.1 Versoek deur meneer P.G. Marais LP vir voorstelle oor die Aanhef van die Grondwet. Die Deputate het ondersteuning gegee aan die gedagte dat die drie-enige God in die Aanhef van die Grondwet moet figureer en dit is so in die skrywe verwoord (kyk ongepubliseerde Bylae 1).

2.9.2 Sabbatsontheiliging tydens die Rugby Wêreldbeker. 'n Verklaring waarin positiewe getuienis vir die heiliging van Sondag gelewer word, word deur proff. A. le R. du Plooy, J.M. Vorster en dr. C.J. Smit opgestel en in *Die Kerkblad* en ander media bekend gestel.

2.9.3 Skrywe van Cross Publishing waarin 'n foto en CV van die "hoof" van die Gereformeerde Kerk gevra word. 'n Gemotiveerde antwoord waarom u Deputate nie aan die versoek kan voldoen nie, is gerig.

2.9.4 'n Skrywe van die Geref. Kerk Alberton-Wes waarin die Deputate se aandag gevestig word op 'n stemwerwery vir "The proposed Bill for Gay Rights". Die skrywe is na prof. P.J. de Bruyn verwys met die versoek om te reageer sou 'n wetsontwerp beplan word.

2.9.5 Gereformeerde Kerk Koster oor geweld in ons land. 'n Skrywe is aan die Minister van Veiligheid en Sekuriteit, meneer F.S. Mufamadi gerig, waarin 'n ernstige beroep op die minister gedoen is om aan hierdie probleem aandag te skenk op die mees effektiewe wyse (kyk ongepubliseerde Bylae 2).

2.9.6 Departement Beplanning, Omgewing en Werke: Gauteng Provinsiale Wetgewer insake toekomstige toekenning van persele vir godsdienstige gebruik; Die skrywe is verwys na die Deputate vir Korrespondensie, Part. Sinode Noord-Transvaal.

2.9.7 Gereformeerde Kerk Matlabas oor sake rakende CNO. Die skrywe is na die Deputate CNO verwys vir verdere afhandeling.

2.9.8 Skrywes oor Gereformeerde politici. Skrywes is ontvang betreffende 'n voorvaderlike ritueel waarby 'n lidmaat betrokke was asook gelukwense met 'n Moslem feesdag - Die skrywes is na die kerkrade van die betrokke lidmate verwys vir opvolging en afhandeling.

2.9.9 Klassis Natal - Hemelvaart. Die Klassis word verwys na 'n Sinodebesluit (Acta 1988:449, 3.2.2.4 en 4.2.2) en versoek om

direk by die betrokke owerheidsinstansie beswaar te maak met 'n afskrif aan u Deputate.

2.9.10 Internasionale jaar van die gesin. Die Deputate het kennis geneem van die inhoud van verskeie skrywes wat oor die aangeleentheid van verskillende staatsdepartemente ontvang is. Prof. P.J. de Bruyn het ook vier artikels waarin die gesin vanuit die Skrif belig is, in *Die Kerkblad* laat verskyn.

2.9.11 Klassis Potchefstroom - dankdag vir reën. Versoeke is deur die Klassis ontvang en besluit: Die Deputate neem kennis.

2.9.12 Navrae oor die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in Engels: 'n Skrywe is gerig aan die Deputate vir die uitgee van die Kerkordeboekie om die moontlike vertaling van die stuk in Engels te ondersoek.

2.9.13 Inligtingstuk oor toestand van die mynbedryf en Sondagwerk. 'n Skrywe is aan die Kamer van Mynwese gerig waarin die Gereformeerde kerke se standpunt in die verband uiteengesit word (kyk ongepubliseerde Bylae 3).

2.9.14 NG Kerk - Nasionale Dankseggingsdag. Verwys na Deputate vir Ekumeniese Sake

2.9.15 Geref. Kerk Pretoria-Wonderboom-Suid insake tydstoedeling aan die afgodedienste op die televisie/radio. Verwys na die Deputate vir Radio en TV-uitsendings.

2.9.16 Uitnodiging deur die SAUK na 'n werkswinkel vir alle Christelike Kerke. Die uitnodiging is na die Deputate vir Radio en TV-uitsendings verwys

2.9.17 Beswaar van die Geref. Kerk Orkney oor die Agendaprogram 13 en 19 September 1994. Die skrywe is na die Deputate vir Radio en TV-uitsendings verwys.

2.9.18 SA Raad van Kerke - "Review Committee". Die skrywe is na die Deputate vir Ekumeniese Sake verwys.

2.9.19 Uitsaaiklagtekommisjie - SAUK. Die skrywe is na die Deputate vir Radio en TV-uitsendings verwys.

2.9.20 Bekendstelling: Crime Stop Misdaad - SAP. Kennis geneem van die stuk.

2.9.21 International Theological Institute - Teologiese opleiding deur afstandstudie. Die skrywe is na die Deputate vir Ekumeniese Sake verwys.

2.9.22 Waarnemende Registrateur - Universiteit van Durban-Westville oor die toepassing van godsdienstige vakansiedae. 'n Skrywe is aan prof. A. Brimer, waarnemende Registrateur (Akademies) gerig, waarin 'n praktiese oplossing aan die hand gedoen word.

2.9.23 Skrywe van die Anglikaanse Aartsbiskop van Kaapstad insake die Waarheids- en Versoeningskommissie. As antwoord aan die Voorsitter van die Waarheids- en Versoeningskommissie op 'n versoek vir voorbidding, het die Deputate op 14 Februarie 1996 'n

skrywe gerig waarin die Kommissie verseker word van gebede vir die werk van die Kommissie en sy lede asook die regverdigte behandeling van sake voor die Kommissie. Kyk ook 3.1.8.2 van hierdie Rapport (kyk ongepubliseerde Bylae 4).

2.9.24 Gespreksdokument van die Departement van Welsyn oor veroudering. Die dokument is na die Deputate Diakonale Sake verwys.

2.9.25 Departement van Onderwys en Kultuur. 'n Skrywe is van die Uitvoerende Direkteur: Onderwys ontvang waarin hy sy dank uitspreek namens elke onderwyser/es, amptenaar, ouer en leerling aan die TOD verbonde vir goedgesindheid en ondersteuning oor 'n tydvak van 118 jaar. Vertroue word uitgespreek dat in die nuwe onderwysbedeling steeds op welwillendheid staatgemaak sal kan word. U Deputate het kennis geneem van die skrywe.

2.9.26 Kwasizabantu Predikante Konferensie. Dokument getiteld "Hervorming vandag - 95 Stellings oor die toestand van die kerk en die samelewing in die jaar van Luther - 1996".

2.9.26.1 Stuur die versoek en dokument aan die Deputate Kerklike Tydskrifte.

2.9.26.2 Rig 'n skrywe is aan die Konferensie gerig met die strekking dat die dokument met instemming ontvang is, en dat die Deputate hul kan vereenselwig met die inhoud daarvan. Van die sake is reeds in die tydskrifte van die GKSA aangespreek of sal nog aangespreek word.

2.9.27 Persvrystelling deur Christians for Truth. Nuwe Grondwet ignoreer Christelike waardes. 'n Skrywe is aan die organisasie gerig waarin waardering uitgespreek is met die inhoud van die persvrystelling. Die Deputate stem in breë trekke saam met die inhoud en het ook die betrokke sake op verskeie wyses aangespreek.

2.9.28 Gereformeerde Kerk Philipstown. Die kerkraad spreek sy bekommernis uit oor die aanstelling van 'n Moslem op die Raad van die PU vir CHO.

**Besluit:** Kennis geneem van pte.2.1 tot 2.9.28.

2.10 Die verdere hantering van die opdrag oor die toepassing van die Wet op Publikasies (Opdrag 1.10).

**Besluit:** Kennis geneem dat hierdie punt nie deur die Deputate hanteer is nie.

2.11 Gesprek met Parlementslede/Streeksverteenwoordigers waar moontlik (Opdrag 1.11): Die geleentheid om Gereformeerde politici te ontmoet het nie soos by vorige geleenthede hom voorgedoen nie vanweë die veranderde omstandighede na die verkiesing van 27 April 1994.

2.12 Ontheiliging van die Rusdag (Opdrag 1.12): 'n Verklaring rakende hierdie aangeleentheid is deur proff. A. le R. du Plooy,

J.M. Vorster en dr. C.J. Smit opgestel en aan die dagpers en die SAUK oorhandig.

2.13 Betrokkenheid by die Nasionale Plan insake Alkohol en Dwelmmisbruik (Opdrag 1.13): Ds. A.P.C. Duvenage was bereid om by die Nasionale Plan betrokke te wees. Dit blyk dat aksies deur owerheidsinstansies nooit werklik kon posvat nie, hoofsaaklik as gevolg van 'n gebrek aan fondse. Daar is egter ander rolspelers wat aktief op hierdie terrein werk soos Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad i.s. Alkoholisme en Dwelmafhanlikheid, Die Kerklike Maatskaplike Dienste van die NG Kerk en Alkohol- en Dwelmsorg - Suider Afrika (kyk ongepubliseerde Bylae 5).

**Besluit:** Kennis geneem van pte.2.11 tot 2.13.

2.14 *Kapelaansdienste*

2.14.1 Hantering van Kapelaansdiens, Ooreenkoms en reëlings met betrekking tot die Kapelaansdiens.

2.14.2 Om die beginselbesluite van vorige Sinodes saam te vat en dit, waar nodig in 'n Ooreenkoms met die SANW insake die Kapelaansdienste in te werk (kyk 3.1.9 van die Rapport)

2.14.3 Benoeming van 'n verteenwoordiger op die Christelike Adviesraad vir die Kapelaansdiens (vroeër die Kapelaansraad) (Opdrag 1.14.3): Prof. J.M. Vorster is as verteenwoordiger benoem. Ds. B. van der Walt was aanvanklik as Skakelkapelaan betrokke, maar is later vervang deur ds. S.C. Vorster. Die Kapelaansraad het gereeld vergader en onder andere ook die Minister van Verdediging ontmoet om die behoeftes van Christelike bediening in die SANW met hom te bespreek. Die SANW maak tans voorsiening vir 3 Kapelaansposte in die SANW.

2.15 Godsdiensuitsendings (Opdrag 1.15): Sake rakende Radio en TV is verwys na die Deputate Radio en TV (kyk 2.9.15, 2.9.16 en 2.9.17 van hierdie Rapport).

2.16 Gesprek met die Staatspresident/Owerheidsinstansies moet soos nodig voortgesit word (Opdrag 1.16)

2.16.1 U Deputate het by een geleentheid gesprek met Adjunk-President F.W. de Klerk oor verskeie aangeleenthede gevoer.

2.16.2 Ook het dr. P.W. Bingle in opdrag van u Deputate 'n gesprek met meneer de Klerk en meneer Danie Schutte (LP) oor die Versoenings- en Waarheidskommissie gevoer (3.1.10.9 van hierdie Rapport).

2.16.3 Geen amptelike gesprek het met President Mandela plaasgevind nie.

2.16.4 'n Geleentheid het, deur bemiddeling van Dames Aktueel, hom voorgedoen dat 'n groep Afrikaanssprekende dames President Mandela kon besoek. Twee dames uit Gereformeerde geleedere het op versoek van hierdie Deputate die besoek meegemaak. Hieruit het 'n geleentheid gevloei en die Deputate CO het as deel van 'n groter groep die President besoek in verband met hulle opdrag.

2.16.5 Dieselfde groep dames het ook Adjunk-President F.W. de Klerk ontmoet.

2.17 Die naam van die Deputate is gewysig na: Deputate vir Korrespondensie met die Streeks- en Sentrale Owerhede.

2.18 Skakeling van Partikuliere Sinodes met Streeksowerhede (Opdrag 1.18): Die opdrag is uitgevoer (kyk 4.20 van die Rapport).

**Besluit:** Kennis geneem van pte.2.14 tot 2.18.

2.19 Deputate moet 'n Memorandum oor Satanisme opstel (Opdrag 1.19): 'n Memorandum oor die aangeleentheid is deur prof. P.J. de Bruyn opgestel wat in *Die Kerkblad* verskyn het. Verder is die artikel ook onder Kerkrade versprei vir moontlike opname in gemeenteblaaie.

**Besluit:** Kennis geneem dat die Memorandum nie aan die Owerheid voorgelê is soos in pt.1.19 opgedra nie, maar alleenlik in *Die Kerkblad* gepubliseer en onder kerkrade versprei is.

2.20 Deputate moet bepaal of die huidige bloed-alkoholperk vir motorbestuurders eties verantwoord is. (Opdrag 1.20): 'n Memorandum is wel ontvang (kyk 2.13 van hierdie Rapport).

**Besluit:** Kennis geneem dat die opdrag in pt.1.20 nog nie afgehandel is nie.

2.21 Om so gereeld moontlik noodsaaklike inligting aan Kerkrade deur te gee wat die profetiese en koninklike roeping van die plaaslike kerk kan versterk (Opdrag 1.21): Aan hierdie opdrag het u Deputate voldoen - kyk bv. 3.1.5.2 oor aborsie.

2.22 Deputate moet saam met die Deputate vir CO die erkenning en beskerming van Christelike opleidingsinstansies sterk by die Owerhede bepleit.

2.22.1 Stukke wat ontvang is, is aan die Deputate CO deurgestuur vir afhandeling.

2.22.2 Ten opsigte van die opdrag het u Deputate ook 'n voorlegging gemaak aan die Wetgewende Vergadering (kyk 3.1.1.4 van die Rapport).

2.23 Om optrede te beplan nadat die resultate van ondersoek deur die Deputate vir CO, insake die Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Noord-Transvaal oor die Wêreldkonferensie vir Godsdienst en Vrede, en die voorgestelde Fundamentele Regte, ontvang is. Geen skrywes is van die betrokke Deputate ontvang nie.

2.24 *Immigrasie:* (Opdrag 1.24): Ds. D. Laufs het namens die Deputate gedien by die Maatskappy vir Immigrasie (kyk ongepubliseerde Bylae 6).

**Besluit:** Kennis geneem van pte.2.21 tot 2.24.

### 3. Sake waaroor die Sinode moet besluit



3.1 *Staatsdepartemente en -Kommissies*: Die sake wat met die verskillende Departemente en Kommissies bespreek en opgeneem is, word eerste gerapporteer.

3.1.1 Wetgewende Vergadering: U Deputate het kommentaar aan die Wetgewende Vergadering oor sommige artikels in die Handves van Menseregte gelewer. (Hoofstuk 2 van die Grondwet). Die werkswyse was dat instemming betuig kon word, of 'n aanbeveling oor 'n byvoeging of weglating gemaak kon word. Kommentaar is oor die volgende gelewer: Kyk Ongepubliseerde Bylae 7.

3.1.1.1 Artikel 10 - Lewe (Instemming). "Elkeen het die reg op lewe en ook die reg om nie die lewe ontnem te word nie, behalwe deur die uitvoering van vonnisoplegging deur 'n hof vir 'n misdad waarvoor die doodstraf voorgeskryf word deur 'n wet van die Parlement". Ter motivering is verwys na 'n Studierapport oor die doodstraf wat voor Sinode 1994 gedien het (Acta 1994:608).

3.1.1.2 Artikel 10 - Lewe (Byvoeging). U Deputate kon nie die gedagte van aborsie op aanvraag steun nie en het die volgende byvoeging aanbeveel: "In erkenning van die reg op lewe, sal aborsie net in gevalle soos vervat in die Wet op Vrugafdrywing en Sterilisasie (Wet 2 van 1975, Artikel 3) toegelaat word". Ter motivering is verwys na Acta 1985:634, 2.8.5.4.1.

3.1.1.3 Artikel 27 - Kinders ('n Byvoeging). U Deputate is ten sterkste gekant teen enige vorm van pornografie en het aanbeveel dat behalwe "mishandeling, verwaarlosing, wangebruik en vernedering", kinders ook die reg het om "van uitbuiting deur die praktyk van pornografie" beskerm te word.

3.1.1.4 Artikel 28 - Onderwys (Instemming). U Deputate het instemming betuig dat "elkeen die reg het om private opvoedkundige instellings op eie koste te stig en te onderhou, waar daar nie op grond van ras gediskrimineer word nie, wat by die owerheid geregistreer is en waar onderrigstandaarde toegepas word wat nie op 'n laer standaard is as by staatsondersteunde onderriginstellings nie". Ter motivering is verwys na Acta 1985:635, 2.8.5.4.9.

3.1.2 SA Regskommissie: Projek 86 - Eutanase en die kunsmatige instandhouding van lewe. Die kommentaar van die Deputate oor die aangeleentheid is deurgestuurd. Daar is met waardering kennis geneem van verskeie van die Kommissie se menings soos dat dit 'n wederregtelike daad is om 'n persoon wat terminaal ly se lewe opsetlik en daadwerklik te beëindig. Besware is egter aangeteken oor sommige standpunte en voorstelle is gemaak met betrekking tot die voorgestelde wetsontwerp (kyk ongepubliseerde Bylae 8).

3.1.3 Taakgroep oor Publikasies- en Filmbeheer (Opdrag 1.10). Die Taakgroep het vertoë gerig dat menings uitgespreek word oor die geldigheid van die Publikasiewet, van 1974, en voorstelle gevra vir enige moontlike veranderings. Die Deputate het die mening

gehuldig dat gemelde wet die onus verskuif het van die owerheid na die individu om in sake soos ongewenste lektuur beswaar aan te teken. Wysiging sou dus verwelkom word. Verskeie aanbevelings in ooreenstemming met vorige Sinodebesluite is ook gemaak (kyk ook 3.1.1.3 en 3.1.10 van hierdie Rapport)

3.1.4 Grondwetskrywende Vergadering. Memorandums rakende die volgende aangeleentheid is aan gemelde vergadering voorgelê.

3.1.4.1 Godsdiensvryheid en aanverwante sake. Die Deputate se standpunt kom daarop neer dat die Kerke hulle sal beywer dat onder andere die volgende menseregte gehandhaaf word:

- "die reg van vrye aanbidding"

- "die reg van vrye keuse van godsdiens" Acta 1985:635, 2.8.5.4.4 en 2.8.5.4.5)

Dit word duidelik gestel dat die Memorandum egter nie gesien kan word as 'n pleidooi vir neutralisme, relativisme, indifferentisme en radikale toleransie nie.

3.1.4.2 Aborsie. Verskeie argumente teen aborsie is deur die Deputate gestel. Biljette is deur die welwillendheid van 'n lidmaat aan alle lidmate beskikbaar gestel sodat dit moontlik was om 'n protesstem te laat hoor.

3.1.4.3 Doodstraf. Standpunt word gestel na aanleiding van Sinode 1994 (Acta 1994:608) se bevinding, oor die aangeleentheid (kyk ook 3.1.1.1 van hierdie Rapport).

3.1.5 Homoseksualiteit en die Grondwet - navraag deur meneer I. van Zyl (LP). Die Deputate stel die standpunt dat die praktyk van homoseksualisme en lesbianisme 'n sonde is (Acta 1976:304, 313).

3.1.6 Raad op Loterye en Dobbellary. Op navraag stel die Deputate 'n vroeëre persverklaring aan die Raad beskikbaar waarin dit gestel word dat dobbelary 'n aantasting van die mens se vertroue op God, van die arbeidsmotief en van die verhouding tussen prestasie en loon is; verder dat dit stremmend inwerk op die offerbereidheid van die Christen en hebsugtigheid en verslawing in die hand werk.

3.1.7 Departement van Binnelandse Sake. 'n Versoek is deur die Deputate gerig dat by die vasstelling van openbare vakansiedae, die volgende Christelike feesdae in stand gehou moet naamlik: Goeie Vrydag, Hemelvaart en Kersdag.

3.1.8 Gesprek met Parlementslede/Streeksverteenwoordigers (Opdrag 1.11)

3.1.8.1 Waarheidskommissie- en Versoeningskommissie: Op versoek van die Deputate het dr. P.W. Bingle die aangeleentheid met Adjunk-President F.W. de Klerk bespreek. Op aanbeveling van meneer de Klerk is die saak verder opgevolg met meneer Danie Schutte, LP. Meneer Schutte het gerapporteer dat die wetgewing oor die Waarheid- en Versoeningskommissie redelik is. Vanweë die feit dat die tyd vir inspraak oor dié wetgewing reeds verstreke

was, het meneer Schutte geadviseer dat kerke 'n waaksame oog hou oor die toepassing van die Wet, en indien nodig, 'n protesterende stem te laat hoor waar van toepassing.

3.1.8.2 In die verband is die volgende skrywe aan Waarheids- en Versoeningskommissie op 12 Augustus 1996 gerig waarin die volgende gestel is:

3.1.8.3 Kommer word uitgespreek omdat die algemeen-aanvaarde regsbeginsel van die *toetsing van getuienis* nie gehandhaaf word in die openbare werksaamhede van die Kommissie nie.

3.1.8.4 Vanweë die voormelde punt kom die Negende gebod ernstig in gedrang omdat mense die geleentheid ontvang om bewerings te maak sonder dat die waarheid van sodanige bewerings enigsins getoets word.

3.1.8.5 Die Deputate distansieer hulle van dié metode van ongetoetste getuienis waarmee die Kommissie funksioneer. Eensydige relase en emosionele uitinge word ongetoets en onbeoordeel aangehoor - op hierdie wyse kan die waarheid nie vasgestel word nie.

3.1.8.6 Die Deputate doen 'n ernstige beroep op die Kommissie om ter wille van sy hoë verantwoordelikheid voor God onbevooroordeel, by wyse van beproefde regsbeginsels, reg te laat geskied in sy poging om die waarheid vas te stel (kyk ongepubliseerde Bylae 9).

### 3.1.9 Kapelaansdiens

3.1.9.1 Om die beginselbesluite van vorige Sinodes saam te vat en dit, waar nodig in 'n Ooreenkoms met die SANW insake die Kapelaansdienste in te werk (Opdrag 1.14.2): Die ooreenkoms tussen die Kerkraad van Voortrekkerhoogte en die SANW is opgestel en onderteken (kyk ongepubliseerde Bylae 10).

3.1.10 Konstitusionele Hof - Pornografie: Na 'n versoek vir ondersteuning deur prokureurs Gildenhuys van der Merwe van Pretoria vir die bestryding van pornografie in die Konstitusionele Hof vanuit 'n Christelike perspektief, het die Deputate ingewillig dat R.J.A. Joubert, die verteenwoordiger van die Christen Regslui Vereniging, Amicus Curiae in opdrag ook namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan optree.

**Besluit:** Punte 3.1.1 tot 3.1.10 word goedgekeur.

## 4. **Aanvullende Agenda**

Oor ander sake sal in die Aanvullende Agenda gerapporteer word.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 5. **Opdragte aan benoemde Deputate**

5.1 Stuur die adres van die Deputate aan die Staatsdepartemente en Provinsiale Administrasies/Streekgrade en publiseer dit in *Die Kerkblad* en *Almanak*.

- 5.2 Gee aandag, in die lig van genome Sinodebesluite en die Kerkorde, aan sake wat deur vergaderings in ons kerkverband, kerke waarmee ons in korrespondensie staan, die Owerheid en deur korrespondensie na die Deputate verwys is.
- 5.3 Hou wetgewing voortdurend dop en tree op, indien nodig, in die lig van die besluite van die Sinode.
- 5.4 *Benoeming van Deputate*
- 5.4.1 Verwittig benoemde Deputate na die Sinode van die benoeming.
- 5.4.2 Benoem Deputate waar die Sinode in gebreke gebly het om dit te doen.
- 5.5 Tref reëlins dat groete namens die Gereformeerde Kerke van die Nasionale Sinode oorgebring word.
- 5.6 Gaan die Handeling van die Nasionale Sinode 1997 deur en gee die sake wat by die Algemene Sinode tuishoort, vir kennisname en behandeling deur te gee. Die Deputate moet ook die kredensiebrief, soos gereël in Sinode 1991, in orde kry.
- 5.7 Benoeming van 'n korrespondent vir Radio- en TV-nuusversameling.
- 5.8 Registrasie van huweliksbevestigings uit ander Nasionale Sinodes deur die Administratiewe Buro op Potchefstroom.
- 5.9 Die Deputate ontvang korrespondensie, hanteer dit sover dit binne hul opdrag val, of verwys dit na ander Deputate wat wel die betrokke saak hanteer.
- 5.10 Die opdrag oor die toepassing van die Wet op Publikasies moet verder gehanteer word.
- 5.11 Gesprek met Parlementslede/Streeksverteenwoordigers moet, indien moontlik en nodig, nog plaasvind
- 5.12 Ontheiliging van die Rusdag - hou steeds onder oë en getuig waar nodig.
- 5.13 Bly betrokke indien die Nasionale Plan insake Alkohol en Dwelmmisbruik voortgesit word.
- 5.14 *Kapelaansdienste*
- 5.14.1 Hantering van Kapelaansdiens, Ooreenkoms en reëlins met betrekking tot die Kapelaansdiens.
- 5.14.2 Benoem, volgens die huidige reëling insake die kapelaansdienste, 'n verteenwoordiger op die Christelike Adviesraad vir die Beskermingsdienste (vroeër die Kapelaansraad).
- 5.15 Gesprek met die Staatspresident/Owerheidsinstansies moet soos nodig voortgesit word.
- 5.16 Gee so gereeld moontlik noodsaaklike inligting aan Kerkrade deur, wat die profetiese en koninklike roeping van die plaaslike kerk kan versterk.
- 5.17 Deputate moet saam met die Deputate vir CO die erkenning en beskerming van Christelike opleidingsinstansies sterk by die Owerhede bepleit.

## 5.18 *Immigrasie*

5.18.1 Tree met die owerheidsinstansies in gesprek oor immigrasiebeleid en dring daarop aan dat by die keuring van immigrante rekening gehou word met die lewensnorme van Christene in Suid-Afrika.

5.18.2 Gee spesifiek en algemene inligting oor immigrasie en immigrante aan die kerke deur en dui geleenthede vir betrokkenheid deur lidmate aan.

5.18.3 Skakel met die oog op die effektiewe uitvoering van die opdragte, met instansies soos MVI.

5.19 Benoem 'n suster op die Deputate ten einde die Gereformeerde Kerke se saak te stel by geleenthede waar dames versoek word om dit te doen.

5.20 Versoek Partikuliere Sinodes (en waar nodig Klassisse) om self ook Deputate te benoem om met Streeksowerhede te skakel. Indien nodig moet Partikuliere Sinodes volgens die beginsel van KO, art.30 sake onder die aandag van hierdie Deputate bring vir kennisname of besluite deur die Nasionale Sinode.

**Besluit:** Punte 5.1. tot 5.20 word goedgekeur. Punte 5.4. tot 5.9 word opgedra aan die nuwe Deputategroep wat die werksaamhede vir die (Agenda) moet behartig. (Vergelyk besluit geneem by Rapport van die Deputate vir die Programmering van die Agenda pt.3.3.12)

## E. AANVULLENDE RAPPORT VAN DIE DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET DIE OWERHEID

### 1. Opdrag

Kyk Agenda.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

2.1 *Groete oorbring (Opdrag 1.5): (Agenda, 465, 2.5)*

Bykomend by die vorige versoeke het prof. J.A. van Rooy groete namens die Gereformeerde Kerke van die Nasionale Sinode oorgebring op 30 September 1996 aan die Nasionale Sinode Soutpansberg.

**Besluit:** Goedgekeur.

2.2 *Ontvangs van korrespondensie en verspreiding waar nodig (Opdrag 1.9): (Agenda 465, 2.9)*

Verdere briewe is ontvang met direkte versoeke vir optrede of kennisname deur die Deputate. Hierna volg 'n opsomming van die korrespondensie:

2.2.1 Uitnodiging van Uplink Broadcasting Limited om 'n aanbieding by te woon. Die uitnodiging is na die Deputate Radio en TV verwys.

2.2.2 Gereformeerde Kerk Linden: Skrywe aan die Staatspresident insake skildery van homself met doringkroon. Ontvangs op die skrywe is deur die Staatspresident se sekretaris erken en die Kerkraad sal u Deputate op hoogte hou van enige verdere verwikkelinge.

2.2.3 Uitnodiging na die 5de Jaarlikse Konferensie van die ANC - Mpumalanga: U Deputate het nie die uitnodiging aanvaar nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

### **3. Sake waaroor die Sinode moet besluit**

Staatsdepartemente en -Kommissies (Agenda, 468, 3.1): Oor sake wat verder met die verskillende Departemente en Kommissies bespreek en opgeneem is, word verder gerapporteer.

3.1 *"Termination of pregnancy Bill"*: Op versoek van u Deputate het dr. P.W. Bingle en ds. K.A.J. van Rensburg voor die Portfolio Komitee oor Gesondheid verskyn om 'n teenstem te laat hoor oor gemelde voorgestelde wetgewing. As basis is 'n vorige memorandum oor die aangeleentheid gebruik.

**Aanbeveling:** Neem kennis van die optrede.

3.2 *1997/98 SAPD Polisiëringsplan*: Die Nasionale Kommissaris: SAPD het die Deputate versoek om insette te lewer vir die 1997/98 SAPD Polisiëringsplan. Die Deputate het die mening uitgespreek dat dit nie vir hulle moontlik is om 'n betekenisvolle bydrae oor die grondvlakpolisiëring te lewer nie, maar het tog enkele aspekte en bekommernisse onder die aandag van die Kommissaris gebring (kyk Bylae 10).

**Aanbeveling:** Neem kennis van die optrede.

3.3 *Gesprek met die Staatspresident/Owerheidsinstansies moet soos nodig voortgesit word (Opdrag 1.16): (Agenda 467, 2.16):*

U Deputate het standpunt ingeneem oor die geweldskultuur wat in die land besig is om in hewigheid en intensiteit toe te neem. Daar bestaan ook 'n indruk dat die owerheid oneffektief is om die huidige situasie om te keer. 'n Persverklaring is in die verband uitgereik (kyk Bylae 11).

**Aanbeveling:** Neem kennis van die optrede.

**Besluit:** Punte 3.1 tot 3.3 word goedgekeur.

## 25.2 RAPPORT DEPUTATE NOODTOESTANDE (Artt.88, 227)

A. Ds. G.C. Verhoef stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Samelewingsake.

C. Ds. J. Malan rapporteer namens die Kommissie.

### **D. RAPPORT:**

1. Die Deputate benoem (Acta 1994:735, 2.29) het by verskeie geleenthede vergader en rapporteer soos volg.

## **2. Opdrag (Acta 1994:585, 2.1-2.3)**

### *2.1 Algemeen*

2.1.1 Die Deputate vir Noodtoestande moet ondersoek instel na noodsituasies en -toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Die Deputate moet gegewens bekom oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10).

2.1.2 Daarna moet die Deputate met die inligting na kerke gaan en die aard van die insameling meld.

2.1.3 Oor sake wat die uitvoering van hulle opdrag raak, onderhou die Deputate kontak met ander liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen, sowel as met Deputate met soortgelyke opdrag van Kerke waarmee die GKSA in korrespondensie staan.

### *2.2 Samestelling*

Die Deputate moet ook diakens uit twee kerke insluit (By diakonieë moet afstande in ag geneem word.)

### *2.3 Werkswyse*

2.3.1 Oor die vraag "Waar die diaken se taak ophou en waar die Deputate moet begin" geld die volgende standpunt: Die plaaslike diakonie doen wat hulle kan uit beskikbare fondse. Wanneer die plaaslike diakonie die toestand nie meer kan hanteer nie, kan hulle hulle deur die kerkraad na die Deputate vir Noodtoestande wend. Indien moontlik moet die versoek deur die Klassis gerugsteun word. Elke saak sal op meriete behandel word.

2.3.2 Die uitdeling moet volgens die eis van die diakenamp geskied.

2.3.3 Die Fonds vir Noodtoestande moet voortbestaan. Die benoemde Deputate moet die fonds uitbou en ook vir eventuele noodtoestande aanwend.

### *2.4 Besondere opdragte (vgl. Acta 1994:589, 5.4.2)*

2.4.1 Die Deputate kry as primêre opdrag om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Nasionale Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie.

2.4.2 Die Deputate kan kontak maak en behou met ander kerklike instansies wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.

2.4.3 Die Deputate moet by konstituering iemand uit eie geledere aanwys om sake na Radio en TV en die kerklike nuusblaaie deur te stuur.

2.4.4 Die Deputate kry opdrag om weë en middele te vind om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.

2.4.5 Die Deputate kry opdrag om die werkswyse (2.3.1 en 2.3.2 van die Rapport) na oorleg met diakonieë, te heroorweeg en met

aanbevelings na die eersvolgende Nasionale Sinode te kom, indien nodig.

2.4.6 Die Deputate kry opdrag om riglyne vir aansoeke op te stel en aan Diakonieë te verskaf.

**Besluit:** Kennis geneem soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

### **3. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

#### *3.1 Samestelling van die Deputate*

Deur die verslagtydperk het ds. L.J. van der Walt ontslag gevra en dr. D.G. Breed en ds. R.L. Vorster het beroepe aanvaar. Die Dagbestuur is aangevul met di. P.J. Vermeulen en G.C. Verhoef.

#### *3.2 Uitvoering van opdragte*

3.2.1 Die Deputate het deurlopend by verskeie geleenthede waar daar noodtoestande ontstaan het, ondersoek ingestel en daadwerklike hulp verleen waar daar gevra is en waar dit moontlik was (vgl. 3.3). Daar is navraag gedoen oor die brand in die Ugie-distrik (1994), die vloedramp in Wes-Kaap (1994), die aardbewing in Japan (1995), die werk van die Overseas Mission Outreach (in Afrika) (1995), vloed in Kwa-Zulu Natal (1995) en die vloed in Pietermaritzburg en Kaapstad-omgewing in 1996.

3.2.2 Die kerkverband is op hoogte gehou van noodtoestande en spesifieke nood. Daar is 'n oproep in die algemeen en spesifiek oor die nood by die *Eglise Reformee Confessante* in Zaïre in *Die Kerkblad* geplaas.

3.2.2.1 Briewe is by herhaling aan al die Partikuliere Sinodes van die GKSA en aan al die Klassisse gerig (Junie 1994 en April 1995). Hierin is die opdrag van die Deputate herhaal en andermaal 'n versoek gerig om noodsituasies onder die aandag te bring asook op die werkswyse van die Deputate gewys.

3.2.3 Twee diakens is benoem (kyk 2.2).

3.2.4 Die Voorsitter is aangewys om met Radio en TV asook met kerklike tydskrifte kontak te hou oor nuuswaardigheid oor die opdrag van die Deputate (Februarie 1994) en deurlopend daarna wanneer die omstandighede dit vereis het.

#### *3.3 Aansoek om hulpverlening*

Verskeie aansoeke wat deur die Deputate ontvang is en wat binne hulle mandaat val (veral wat betref die verskaffing van "kos, klere en onderdak"), is gehanteer en toekennings is gemaak.

##### 3.3.1 Die Gereformeerde Kerk Duineveld

As gevolg van sendingwerk in hulle omgewing het hulle met grootskaalse barmhartigheidswerk te doen gekry soos: mense wat versorg moet word, weeskinders, opleiding en voorsiening vir behuising van armes. Daar was ook enkele lidmate wat deur



droogte en ander omstandighede hulpbehoewend geraak het. Die Klassis Griekwaland-Wes het die aansoeke ondersteun.

#### 3.3.2 Die Gereformeerde Kerk Komatipoort

In samewerking met die Hervormde Kerk is daar hulp verleen aan vlugtelingkinders van/in Mosambiek. Dit gaan saam met die bediening van die Evangelie daar.

#### 3.3.3 Die Gereformeerde Kerk Westdene

Daar is hulp verleen aan spesifieke gesinne in nood by twee geleenthede. Die Deputate het ook beplan om in samewerking met die diakonie die moontlikheid te ondersoek van 'n meer permanente oplossing van die situasie aldaar. Daar sal DV in die Aanvullende Rapport hieroor verslag gedoen kan word.

#### 3.3.4 *Gereformeerde Kerk Boipatong*

In samewerking met die Sendingkommissie van die Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid, word hier mooi werk gedoen en die Deputate het vir drie jaar beskikbaar gestel vir gesinne en weduwees wat behoeftig is. Ook is hier spesifieke hulp verleen na die vloed van 1996.

#### 3.3.5 Gereformeerde Kerk Schweizer Reneke

Hulp kon verleen word aan spesifieke gesinne wat vanweë werkloosheid 'n te groot las op die diakonie geplaas het.

#### 3.3.6 Gereformeerde Kerk Uitenhage

Daar is ook deur die diakonie hulp verleen aan gesinne. Die nood het ontstaan as gevolg van werkloosheid en dood in die betrokke gesinne.

#### 3.3.7 *Gereformeerde Kerk Ladysmith*

Die diakonie het positief gereageer op navrae deur die Deputate tydens die vloedramp van 1996. Hulle kon daar hulp verleen ook aan buitekerklikes.

#### 3.3.8 *Gereformeerde Kerk KwaNdebele*

Die kerk daar, gedra deur die sendingaksie, versorg 30 gesinne wat werkloos is en geen ander inkome het nie. Die Deputate kon ook daar hulp verleen.

#### 3.3.9 *Ruanda*

Na deeglike navraag is daar besluit om hulp te verleen aan die ± 6 miljoen vlugteling deur geld vir medisyne te stuur.

#### 3.3.10 Eglise Reformee Confessante, Zaïre

Ds. K.M. Kabongo wat aan die Hammanskraalse Teologiese Skool afgestudeer het, het te midde van skreiende armoede en werkloosheid die nood aan die Deputate gestel. Die nood is so akute dat hy skryf die profetiese getuigenis besig is om uitgedoof te raak as gevolg van die bedrog en omkoperij. Deur die genade van die Here kon die Deputate middele en geld daar kry deur 'n betroubare koerier wat gereeld vanaf Kaapstad via Johannesburg na Zaïre reis.

### 3.3.11 *Bosnië*

Die nood van ongeveer 146 Christene in Bosnië het onder die aandag van die Deputate gekom deur twee werkers van Vriende van Christus (Bosnië SA cares), 'n SA organisasie wat in Bosnië hulp verleen. Hulp ten opsigte van kos en Bybels is gegee.

### 3.4 *Skenkings*

'n Paar skenkings van diakonieë en individue is ontvang (vgl. 4 hieronder).

**Besluit:** Met dank kennis geneem. Alhoewel die Deputate nie gerapporteer het oor die uitvoering van die opdragte genoem in pte.2.4.4 tot 2.4.6 hierbo nie, blyk dit uit die notules en afskrifte van dokumente van die Deputate dat die opdragte wel uitgevoer is.

## 4. **Finansies**

Vir die finansiële verslag word u verwys na die Administratiewe Buro se Rapport. Die Deputate betuig graag hulle hartlike dank aan die personeel en die Administratiewe Buro vir stiptelike, vinnige en noukeurige diens wat gelewer is.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 5. **Sake waaroor die Sinode moet besluit**

5.1 Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

**Besluit:** Goedgekeur.

5.2 Die Sinode benoem weer Deputate met die samestelling soos in 2.2 en die werkwyse soos in 2.3 hierbo.

**Besluit:** Goedgekeur.

5.3 Die benoemde Deputate ontvang die opdrag (soos in 2 hierbo).

**Besluit:** Goedgekeur behalwe dat pt.2.4.5 nie as opdrag herhaal word nie.

Motivering: Navraag is by diakonieë gedoen en daar is geen gronde vir heroorweging aangevoer nie.

## 25.3 RAPPORT DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET ANDER NASIONALE SINODES (Artt.122, 180)

A. Dr. D.G. Breed stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Kerkregtelike Sake III.

C. Ds. R.J.P. du Plessis rapporteer namens die Kommissie.

### D. **RAPPORT:**

1. **Opdrag (Acta 1994:608)**

1.1 Om dringend as Deputate van die GKSA onderlinge ineenstemming te probeer bereik oor sake waarvoor met Deputate van ander Sinodes gesprek gevoer word.

1.2 Om met inagneming van pt.4 op p.594 (vgl. foutiewe aanduiding in Acta 1994:608) van hierdie Rapport so gou moontlik voort te gaan met die uitvoering van die opdragte van Sinode 1991 soos vervat in Acta 1991:648-649, 3.2.4 en 3.2.6.

1.3 Om die gronde vir die probleme wat ander Sinodes met die Sinodebesluite van die GKSA en met sekere Kerkorde-artikels het, te weeg en die volgende Sinode GKSA gemotiveerd en gespesifiseer te adviseer oor moontlike handhawing, skrapping en/of wysiging van sodanige besluite en/of artikels.

**Besluit:** Kennis geneem van pte.1.1 tot 1.3.

## **2. Sake vir kennisname**

Daar is twee sake waarvan die Sinode kennis moet neem: die onderlinge ooreenstemming in die Deputate en gesprek met die ander Sinodes.

### *2.1 Onderlinge ooreenstemming in die Deputate*

#### 2.1.1 Werkwyse

Die Deputate het verskeie vergaderings gehou waartydens gepoog is om onderlinge ooreenstemming te bereik oor die sake waarvoor met ander Sinodes gesprek gevoer word. Tydens hierdie vergaderings het die Deputate gekonsentreer op die **prinsipiële** sy sowel as die **praktiese** sy van die bystand van kerke aan mekaar.

#### 2.1.2 Onderlinge ooreenstemming : Prinsipiële sake

Die Deputate was oor die volgende relevante prinsipiële sake eenstemmig:

2.1.2.1 Die Gereformeerde kerkbegrip onderskei tussen die plaaslike en algemene betekenis van die woord "kerk". Meerdere vergaderings is 'n vergadering van 'n aantal plaaslike kerke.

2.1.2.2 Die eenheid van die kerk is primêr 'n eenheid in Christus, 'n geestelike eenheid. Op grond van die eenheid in leer, diens en tug kom kerke saam in meerdere vergaderings.

2.1.2.3 Kerke moet mekaar in die kerkregering bystaan, en daarom ook die eenheid konkreet en sigbaar uitlewe.

2.1.2.4 Meerdere vergaderings is nie vaste kerklike strukture nie. In die Gereformeerde tradisie kan kerke verskillende weë volg waarlangs hulle mekaar in die kerkregering kan bystaan. Een van die belangrikste doelwitte van meerdere vergaderings is egter om diensbaar te wees om elke plaaslike kerk in staat te stel om werklik kerk van Christus te wees.

2.1.2.5 In opvolging van 2.1.2.4 is dit duidelik dat eiesoortige aspekte soos taal, landsomstandighede en gebruik (KO, art.85) 'n invloed het op die besondere weg wat Kerke volg om mekaar by te staan - sonder dat dit tot geskeidenheid aanleiding mag gee.

2.1.2.6 Die Konfessie (veral NGB, art.32) verwys na twee soorte bepalinge in die kerkregering: wat Christus voorgeskryf het en wat die kerke uit die Skrif aflei met die oog op kerkregering. Die Skrif **gebied** nie regstreeks die samekoms van meerdere vergaderings nie en nêrens word dit ook direk bely nie. Artikel 30 van die NGB praat alleen van die Raad van die Kerk, bedoelende die kerkraad. Tog is die samekoms van meerdere vergaderings in lyn met die Skrif, en dit kan duidelik afgelei word dat kerke mekaar in die kerkregering moet bystaan. In die kerkregering sou dit dus belangrik wees dat 'n model waarvolgens die kerke mekaar bystaan, nie konstitutief voorgeskryf word nie. Met hierdie standpunt word aangesluit by Calvyn (Inst. 4.10.30) "Ten slotte, omdat Hy niks van hierdie uitdruklike dissipline geleer het nie, en omdat dit nie vir ons saligheid noodsaaklik is nie, en dit ooreenkomstig die gewoontes van elke volk en tyd verskillend aangepas moet word, sal dit paslik wees om enersyds gebruiklike instellings (= ordereelings) te verander en te herroep en andersyds nuwes in te stel na gelang die voordeel van die kerk dit vereis" (vgl. ook KO, art.86).

### 2.1.3 Onderlinge ooreenstemming : Praktiese aspekte in kerkregering

Die Deputate was dit eens dat die huidige wyse waarop kerke mekaar in kerkregering bystaan, nie die beste wyse is nie. Die Deputate het daarom onderling besin oor 'n wyse waarop kerke binne taal- en kultuurverband asook oor taal- en kultuurverband heen mekaar in kerkregering kan bystaan.

Nadat verskillende "modelle" oorweeg is, het die Deputate ooreenstemming bereik dat daar oor die volgende "model", as 'n wyse waarop kerke mekaar kan bystaan, met ander Sinodes gesprek gevoer kan word.

#### 2.1.3.1 Bystand oor taal- en kultuurverband heen

##### 2.1.3.1.1 Die meerdere vergaderings

Alle naburige Gereformeerde Kerke, oor taal- en kultuurverband heen, in 'n spesifieke gebied, kom vir 'n **gebiedsklassis** bymekaar. Gebiedsklassisse in 'n bepaalde streek vaardig af na 'n **streeksinode**. Die streeksinodes vaardig af na 'n **sinode**.

##### 2.1.3.1.2 Moontlike agendas van meerdere vergaderings

Die moontlike agendas van die meerdere vergaderings word deur die relevante KO-artikels bepaal, bv. KO, art.30. Ter illustrasie kan na die moontlike hantering van agendapunte wat vorige meerderevergaderings in behandeling geneem het, verwys word. By die gebiedsklassisse en hulle meerdere vergaderings sou die volgende sake in behandeling geneem kon word:

- Bybelverspreiding
- Ekumenisiteit
- Evangelisering (sending)
- Pensioenfondse

- Christelike onderwys
- Liturgiese sake (bv. inhoud van die Formuliere; wyse van sakramentsbediening; kerkliedere)
- Media, bv. SABC
- Teologiese Skool Potchefstroom
- Kerkorde
- Sake rakende die Belydenis
- Probleme, strydpunte, vraagstukke, manifestasies van sonde en nood eie aan die Suider-Afrikaanse samelewing
- Finansies en administrasie
- Sake wat tans nie ordelik en prakties bevredigend gereël word nie, kan ook deur enige plaaslike kerk na die gebiedsklassisse verwys word. Voorbeelde hiervan is visitasie, konsulentskappe, onderlinge advies (KO, art.40) in gevalle waar afstand of gebrek aan ampsgawes die huidige reëlings prakties onbevredigend maak.

#### 2.1.3.1.3 Kommunikasie by meerdere vergaderings

Veeltalige meerdere vergaderings is oor die algemeen meer tydrowend en dus ook geldrowend. As gevolg van swakker kommunikasie by veeltalige vergaderings kan die effektiewe besluitneming in die wiele gery word. Die Deputate was dit daarom eens dat alle veeltalige meerdere vergaderings effektiewe reëlings vir vertaling moet tref.

#### 2.1.3.2 Bystand binne taal- en kultuurverbande

##### 2.1.3.2.1 Die meerdere vergaderings

Alle naburige kerke binne 'n taal- en kultuurverband kan as **klassis** (bv. 'n Afrikaanse, Sotho of Venda klassis) bymekaar kom. Die onderskeie klassisse binne taal- en kultuurverband vaardig af na 'n **sinode** (bv. 'n Afrikaanse, Sotho of Venda-sinode).

##### 2.1.3.2.2 Moontlike agendas van meerdere vergaderings

Die moontlike agendas van die voorgestelde vergaderings binne taal- en kultuurverband word deur die relevante KO-artikels bepaal, bv. KO, art.30. Ter illustrasie kan na die moontlike hantering van agendapunte wat vorige meerdere vergaderings in behandeling geneem het, verwys word. By die klassisse binne taal- en kultuurverband en hulle meerdere vergaderings sou die volgende sake in behandeling geneem kon word:

\* Sake van bv. KO, artt.30, 31 en 46 wat bepaalde naburige kerke binne taal- en kultuurverband met mekaar in gemeen het. Dit kan sake wees soos:

- Vertalings van die Bybel, Belydenisskrifte, Formuliere, eie-taal weergawes van KO, konsepvorms, kerklike publikasies, ens.
- Liturgiese sake, bv. Psalmmelodieë, -berymings, styl en belewingsvorme.
- Probleme, strydpunte, vraagstukke, manifestasies van sonde en nood eie aan 'n betrokke taal- en kultuurgroep. Sake eie aan die kerstening van die betrokke volkslewe.

- Ander sake wat vir hierdie vergaderings belangrik is of kan word, bv. fasette van sake onder 2.1.3.1.2 genoem wat spesifiek die bediening of nood of behoeftes van die besondere kring/groep van kerke raak. Hieronder kan gedink word aan o.a. Christelike onderwys in taal- en kultuurverband, aspekte van predikantsopleiding.

- Finansies en administrasie.

\* Sake volgens die KO wat tans ordelik en prakties bevredigend gereël kan word. Die volgende sake sal dus, waar dit tans ordelik en prakties gereël is of kan word, bv. by die klassisse behandel word:

- Konsulentskappe, bevestigings en losmakings van bedienaars van die Woord en visitasie.

\* Sake wat histories deel van die agendas van Nasionale Sinodes geword het en wat nie sonder meer of onmiddellik na ander vergaderings toe oorgeplaas kan word nie, bv. die behartiging van die Trust(fondse), Admin. Buro-ledesake, SDDS, verhouding met die PU vir CHO, ens., wat tans by die Nasionale Sinode GKSA in behandeling geneem word.

2.1.3.3 Skematiese voorstelling van verskillende meerdere vergaderings

Indien die kerke wat as Nasionale Sinode GKSA en as die Sinode Soutpansberg bymekaar kom, as voorbeeld geneem word, kan die volgende skematiese voorstelling gemaak word:

## 2.2 *Gesprek met ander Sinodes*

Daar is drie keer met die afgevaardigdes van ander Sinodes gesprek gevoer.

### 2.2.1 Ooreenkoms en verskille met ander Sinodes

Die Deputate van die onderskeie Sinodes het soos volg ooreengekom:

2.2.1.1 Die Deputate van die verskillende Nasionale Sinodes stem ooreen ten opsigte van die prinsipiële sake soos uiteengesit in pt.2.1.2 van hierdie Rapport en ook dat al die kerke mekaar in kerkregering bystaan in gebiedsklassisse, streeksinodes en 'n 'algemene sinode' en dat taal- en kultuurverwante sake in belang van die kerke gehanteer moet word.

Oor die wyse waarop taal- en kultuurverwante sake gehanteer moet word, is daar nie eenstemmigheid nie:

2.2.1.2 Die Deputate van GKSA stem onderling ooreen dat dit deur middel van Klassisse en 'n Sinode gedoen word, wat saamgestel word vir die hantering van sodanige sake, soos in die Rapport aan die Sinode GKSA 1997 uiteengesit.

2.2.1.3 Deputate van Soutpansberg en Middellande stem onderling ooreen dat hierdie sake op die gebiedsklassisse, streeksinodes en 'n

'algemene sinode' gehanteer moet word by wyse van deputategroepe soos in KO, art.49 gereël, asook deur kommissies tydens meerdere vergaderings.

#### 2.2.2 Verdere gesprek met ander Sinodes

Al drie die Sinodes se Deputate het ingestem dat daar gepoog sal word om nog in 1996 (na die indiening van die Rapport) verdere gesprek met mekaar te voer. Indien daar tydens hierdie gesprekke verdere ooreenkomste bereik word oor die wyse waarop kerke soos in 2.1 hierbo uiteengesit, mekaar kan bystaan, sal aanvullend gerapporteer en aanbevelings gemaak word oor die praktiese implementering.

#### 2.2.3 Probleme van ander Sinodes met GKSA Sinodebesluite en KO-artikels

Dit het tydens die samesprekings met die ander Sinodes geblyk dat die probleme van ander Sinodes met GKSA Sinodebesluite en KO-artikels nie meer so sterk op die voorgrond is nie. Dit was duidelik dat, indien daar 'n bevredigende weg gevind kon word oor hoe kerke mekaar oor taal- en kultuurgrense heen in meerdere vergaderings kan bystaan, die probleme met die besluite en artikels in 'n groot mate dan reeds uit die weg geruim is. Die probleme wat egter oorbly, sou bevredigend deur die nuwe vergaderings gehanteer kon word. Die Deputate van die GKSA het in die lig daarvan geoordeel dat alle beskikbare tyd vir gesprekvoering met ander Sinodes gebruik moet word om 'n weg te vind dat kerke mekaar oor taal- en kultuurgrense heen kan bystaan. Daar is egter met ander twee Deputategroepe ooreengekom dat, indien daar na Julie 1996 (d.i. na die opstel van hierdie Rapport) weer samesprekings plaasvind, hierdie probleme spesifieke aandag sal kry.

**Besluit:** Kennis geneem van pte.2.1.1 tot 2.2.3.

### **3. Sake waaroor die Sinode moet oordeel**

3.1 Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

3.2 Die Sinode oordeel dat die wyse van bystand van kerke in meerdere vergaderings soos in 2.1.2 en 2.1.3 uiteengesit is, 'n Skriftuurlik-verantwoorde wyse van kerkregering is.

3.3 Die Sinode oordeel dat die beginsels gestel in pt.2.1.2 deur die Deputate Skrifverantwoord is.

3.4 Die praktiese implementering van hierdie beginsels, soos uiteengesit deur die Deputate, mag 'n goeie vertrekpunt wees vir verdere gesprekvoering met die ander Nasionale Sinodes.

3.5 Die Sinode oordeel dat alle beskikbare tyd vir gesprekvoering met die ander Nasionale Sinodes gebruik moet word. Die voorgestelde raamwerk kan as vertrekpunt in hierdie gesprekvoering dien.

**Besluit:** Punte 3.1 tot 3.5 word goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

#### **4. Aanbevelings**

4.1 Die Sinode benoem weer deputate.

4.2 Die opdrag aan die benoemde deputate is:

4.2.1 Om (met inagneming van die vorige gesprekke) met die ander Sinodes gesprek te voer oor 'n wyse waarop kerke mekaar binne taal- en kultuurverband, asook buite taal- en kultuurverband, in kerkregering bevredigend kan bystaan.

4.2.2 Om gronde vir die probleme, wat ander Sinodes met die Sinodebesluite van die GKSA en met sekere Kerkorde-artikels het, verder te weeg en die volgende Sinode GKSA gemotiveerd en gespesifiseer oor die moontlike handhawing, skrapping en/of wysiging van sodanige besluite en/of artikels te adviseer.

4.2.3 Om in hierdie proses noue skakeling met die deputate vir die herindelung van die Partikuliere Sinodes te hou.

4.2.4 Om jaarliks inligting oor vordering aan die Deputate vir Korrespondensie van die onderskeie Partikuliere Sinodes deur te gee.

**Besluit:** Punte 4.1 tot 4.2.4 word goedgekeur.

4.2.5 Om moontlik nuwe administratiewe verpligtinge te reël wat voortvloei uit die totstandkoming van meerdere vergaderings.

**Besluit:** Afgekeur.

#### **5. Kennisgewing van die Sinode Soutpansberg**

##### *5.1 Kennisgewing*

Die volgende kennisgewing is ontvang:

“THE DECISION OF SYNOD SOUTPANSBERG WITH REGARD TO THE MATTERS OF CHURCH RELATIONSHIP

The recommendations of the deputies are in page 61 article 4.3  
The decision are in page 62 article 65.2.1.

The decision of the Synod reads as follows: The Synod should request the Synod Potchefstroom to spell out their fear of not accepting the geographical arrangements as stated in our Church Order. By doing so it will be easy for us to have further negotiations”.

**Besluit:** Dat aan die Deputate vir Korrespondensie met die ander Nasionale Sinodes opgedra word om so spoedig moontlik op die skrywe van Sinode Soutpansberg te antwoord in ooreenstemming met die besluite wat op hierdie Sinode geneem is.

25.4 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE : DALENDE LIDMATE  
(Artt.87, 207)



A. Ds. A. Myburg stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Samelewingsake.

C. Ds. F.J. van Deventer rapporteer namens die Kommissie.

## **D. RAPPORT:**

### **1. Opdrag**

1.1 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die dalende tendens in die lidmaatgetalle van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

1.2 Die Sinode benoem Deputate insake tendens van dalende lidmate-tal met die volgende opdrag:

1.2.1 Om met inagneming van wat tans op teologiese en kerklike terrein hieroor gedoen en gepubliseer word, 'n grondige en omvattende studie te maak van die huidige tendens van lidmategetalle in GKSA wat besig is om te daal;

die moontlike oorsake daarvan; en

hoe die situasie op 'n Skrifgetroue wyse aangespreek kan word.

1.2.2 Om in hierdie ondersoek plaaslike kerke direk en in klassisverband te betrek en te raadpleeg.

1.2.3 Om aan die volgende Sinode oor die uitvoering van hulle opdrag te rapporteer en die Sinode te adviseer oor moontlike langtermyn optredes deur die plaaslike kerke en die kerke gesamentlik.

1.2.4 dat hierdie Deputate so gou moontlik met hulle opdrag begin vanweë die erns van die situasie.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

#### *2.1 Werkwyse van die Deputate*

(Aangesien daar nie vir hierdie studie begroot is deur die Sinode nie, en 'n omvattende en diepgaande studie groot finansiële implikasies het, kon die studie alleen maar op 'n beperkte wyse gedoen word. Desondanks is tog sinvolle resultate gelewer.

Die ondersoek is net onder die bestaande kerke binne die GKSA gedoen. Die ander Sinodes is nie betrek nie mede as gevolg van die nie beskikbaarheid van gegewens, en die opdrag beperk was tot die GKSA.)

2.1.1 'n Uitnodiging is in *Die Kerkblad* geplaas wat alle lidmate uitgenooi het om opinies uit te spreek en te reageer. Daar is wye reaksie ontvang wat deur die Deputate verwerk is.

2.1.2 Artikels oor die studie is deur prof. J.M. Vorster, dr. D.J.S. Steyn en dr. E. van Loggerenberg in *Die Kerkblad* gepubliseer.

2.1.3 Skrywes is aan alle Klassisse gestuur waarin hulle gevra is dat onder KO, artt.41 en 44 aandag aan die saak gegee moet word

om sodoende te help met die ondersoek en die hantering van die probleem.

2.1.4 'n Vraelys is aan alle kerkrade gestuur. Die antwoorde is verwerk en sekere tendense is vasgestel.

2.1.5 Voortvloeiend uit die resultate van 2.1.4 is 'n ondersoek waarby lidmate van 'n aantal kerke betrek is, kosteloos deur MSSA (Markstudie en Statistiese Analise) gedoen. (Hartlike dank aan br. Schalk van Vuuren van MSSA vir hierdie studie en verslag - ongepubliseerde Bylae A.)

2.1.6 Die Delphi-metode is deur dr. D.J.S. Steyn by 'n aantal predikante gebruik vir verdere inligting.

2.1.7 Prof. J.M. Vorster het aandag gegee aan studies wat deur die ander Afrikaanse Kerke en buitelandse Gereformeerde Kerke oor die onderwerp gedoen is.

2.2 *Bevindinge en beredeneringe aan die hand van 2.1.4 (deur kerkrade beantwoord)*

### 2.2.1 Statistiese gegewens

Die volgende statistiese gegewens ten opsigte van *dooplidmate* is van belang:

\* Vanaf 1977 tot 1993 was gemiddelde daling ongeveer 1.4% p.a.

Vanaf 1988 was gemiddelde daling ongeveer 2% p.a.

Vanaf 1993 was gemiddelde daling ongeveer 2.5% p.a.

### Gevolgtrekkings

\* Daar is 'n baie duidelike verskerpte afname in die aantal dooplidmate

\* Daling in getal van belydende lidmate sal net versnel

\* Daar is aanduidings dat alle kinders wat gedoop word, nie noodwendig belydenis aflê nie.

Die volgende statistiese gegewens ten opsigte van *belydende lidmate* is van belang:

\* Die daling in getal van belydende lidmate het in een jaar soos volg verloop:

Statistiek : 31 Mei 1995      78 254

31 Mei 1994      79 197

Vermindering van 943 belydende lidmate.

Die huidige gemiddelde lidmate per gemeente is 257.

### Gevolgtrekkings

Die gemiddelde van 3.6 gemeentes het in een jaar verdwyn.

\* Die verwagte lidmaatgetalle kan waarskynlik soos volg daar uitsien. Die verwagte daling spreek vanself.

Teen die jaar 2000 ongeveer 70 000 belydende lidmate

Teen die jaar 2003 ongeveer 67 000 belydende lidmate

Teen die jaar 2006 ongeveer 58 000 belydende lidmate

### Gevolgtrekkings

Indien die GKSA suiwer op natuurlike aanwas aangewese bly, gly dit terug in 'n nie-bestaan.

Die volgende statistiese gegewens ten opsigte van die verhouding van *lidmate/gemeentes* en *predikante/lidmate* is van belang:

1950 153 gemeentes met 41 961 belydende lidmate met 68  
predikante  
Dit is 274 belydende lidmate per gemeente  
617 lidmate is per predikant bedien

1970 246 gemeentes met 63 940 belydende lidmate met 187  
predikante  
dit is 259 belydende lidmate per gemeente  
341 lidmate is per predikant bedien

1990 300 gemeentes met 78 946 belydende lidmate met 286  
predikante  
Dit is 263 belydende lidmate per gemeente  
261 lidmate is per predikant bedien

### **Gevolgtrekkings**

\* Die getal belydende lidmate per gemeente wat verantwoordelik is vir die versorging van 'n predikant, het te laag gedaal. (Predikante se eenheidskoste word te hoog.)

\* As gevolg van die groter plaaslike verantwoordelikheid beleef kerke die ramings aan die kerkverband as te hoog.

\* Indien die verwagte daling in getal lidmate wel plaasvind, beteken dit dat teen die jaar 2000, as daar net 70 000 belydende lidmate sou wees, en die gemiddeld van lidmate per predikant word op 265 gehandhaaf, kan daar teen die jaar 2000 slegs 226 predikante gehuisves word.

(In 1976 het die GKSA 70 000 lidmate gehad en daar was toe net 212 predikante - 330 belydende lidmate per predikant. 350 belydende lidmate per predikant blyk ekonomies die mees ideale gemiddeld te wees.)

### 2.2.2 *Geboorte-aanwas*

Die aantal kinders wat jaarliks gedoop word, neem sterk af. Daar is 'n duidelike sterk dalende lyn.

1970	2 961	gedoop belydende lidmate	63 940
1989	1 947	gedoop belydende lidmate	78 713
1995	1 483	gedoop belydende lidmate	78 254

#### Gevolgtrekkings

Die natuurlike aanwas daal skerp.

Veroudering gaan noodwendig plaasvind.

Bedieningspatrone moet aangepas word.

Dit is 'n feit dat die GKSA se aanwas deur die jare nie eens tred gehou het met die aanwas van die Blanke bevolking nie. Die GKSA was in werklikheid nog nooit 'n groeiende kerk in hierdie opsig nie. Gesinsbeplanning moet in die lig van die Skrif op 'n uiters verantwoordelike wyse gehanteer word. Daar is baie faktore wat hier meespreek.

### 2.2.3 Gemeenskap met die Kerk opgesê

In 1994 het 2 452 belydende lidmate die gemeenskap met die kerk opgesê.

In 1995 het 2 502 belydende lidmate die gemeenskap met die kerk opgesê.

Redes wat aangevoer word waarom lidmate die gemeenskap met die kerk opsê: (Letterlik uit vraelyste oorgeneem)

- \* Gaan met huweliksluiting na ander kerk (groot groep)
- \* Politieke redes (baie min)
- \* Die kerk is dood/gaan na charismatiese groepe (baie min)
- \* Ontduiking van die tug (baie min)
- \* Ingrypende (vreemde) liturgiese verandering (beduidende getal)
- \* Predikante sonder styl en oortuiging in die prediking
- \* Swak pastorale bediening
- \* Katkisasie-leerplanne oormatig gelaai met dogma
- \* Nie ingestel op die behoefte van die jeug nie
- \* Formalisme in die godsdien
- \* Lidmate te selfgerig/eiewillig/eiesinnig
- \* Swak Gereformeerde identiteit
- \* Toenemende oppervlakkigheid en wêreldse gees.

Daar moet indringend na hierdie redes gekyk word. Die gedagte is nie dat die kerk verbruikersvriendelik moet word nie, maar die mens van ons tyd moet volgens die eise van die Woord van die Here aangespreek en bedien word.

Die kerk moet Reformatories besig wees, nie net wat inhoud betref nie, maar ook in die wyse van bediening.

### 2.2.4 Vertrek sonder attestaat

In 1994 het 2 132 belydende lidmate sonder attestaat vertrek.

In 1995 het 1 896 belydende lidmate sonder attestaat vertrek..

Die redes waarom dit gebeur is moeilik bepaalbaar. Van die redes by 2.2.3 genoem, kan ook hier meesprek.

Die volgende kan bygevoeg word:

- \* 'n Verkeerde kerkbegrip ten spyte van alle kategese.
- \* 'n Soeke na sogenaamde "vryheid" in godsdiens.
- \* Nalatigheid.

Die kerkrade beweer dat lidmate weet wat 'n attestaat is, en dat die gegewens op die attestaat korrek en volledig is. Daarteenoor beweer lidmate dat die kennis by die prosedure aangaande attestate baie swak is.

Hier lê 'n baie groot bron van kommer oor die dalende lidmategetal, en kerkrade sal hieraan dringend aandag moet gee en nie maklik maar net 'n naam in die register deurhaal nie.

#### 2.2.5 Evangelisering

Van Evangelisering kom daar nie veel tereg in die Gereformeerde Kerke nie. Dit kan tereg gesê word dat die Gereformeerde Kerke nog nooit juis evangeliserende kerke was nie. Waar evangelisasie nog gedoen word, is dit maar hoofsaaklik die predikant, miskien bygestaan deur 'n kommissie van die kerkraad. Motivering en toerusting van lidmate vir evangelisering kry nie veel aandag nie. Kerke sê in hul terugvoering dat daar wel voorbidding gedoen word vir die evangelisasiewerk. In die praktyk kom daar nie veel tereg van evangelisering nie.

Alleen vanuit die drie Afrikaanse Kerke is daar tienduisende verbondskinders wat jaarliks wegraak. Skynbaar is daar by baie kerkmense geen bewoëndheid oor hierdie verlore skape nie.

Tog blyk dit dat diegene wat weer in die kerk opgeneem word, grootliks in die kerk bly en met warmte terug ontvang word. Dit is dus nie so dat evangelisering nie die moeite werd is nie. Uit die ondersoek het sekere tendense na vore gekom:

- \* Gemeentes as geheel is nie onder die indruk dat dit die verantwoordelikheid van elke gelowige is om evangelisering te doen nie.

- \* Sporadiese toerustingskursusse wat gehou word, kry nie die ondersteuning wat daar moet wees nie.

- \* Die onbetrokkenheid van lidmate by evangelisering veroorsaak dat die werk nie van die grond af kom nie.

Kerkrade sal indringend aandag moet gee aan hierdie geweldige leemte, in die eerste plek gedring deur die liefde van Christus, maar dan ook tot die behoud van die afgedwaalde verbondskind.

Daar is wel 'n lang lys van praktiese probleme waarmee die kerkrade worstel, maar ons sal hierin mekaar moet bystaan en biddend oplossings vind.

### 2.3 *Bevindinge en beredeneringe aan die hand van 2.1.5 (deur lidmate beantwoord)*

'n Ondersoek is onder ewekansig gekose lidmate van verskillende gemeentes gedoen om sekere tendense te bepaal. 'n Aantal vertolkbare dimensies het uit die ontleding na vore gekom wat beduidende bydraes kan lewer om beter te verstaan hoe lidmate sekere fundamentele en praktiese sake in die kerk vertolk.

#### 2.3.1 Vertolking van dimensies

Dimensies het na vore gekom wat samevattend beskryf wat mense se siening oor die sake is wat aan hulle voorgehou is.

2.3.1.1 Die kerk, meen lidmate, hou in sy bestuursbenadering tred met die eise van die tyd, en goeie bestuursbeginsels word toegepas. Lidmate is ook van mening dat die ruimte wat in die beplanning van kerke aan kinders en naskoolse jongmense by die kerk gegee word, genoegsaam is, en dat hulle genoeg beplan vir evangelisasie. Wat nie duidelik na vore kom nie, is hoe prakties uitvoerbaar is die planne wat beraam word en/of die sake onmiddellike aandag kry of net op die langer termyn voor beplan word.

2.3.1.2 Heelwat lidmate het dit al oorweeg om na ander kerke te gaan, en is ook van mening dat hulle nie juis "iets by die kerk kry nie". Die gevoel bestaan ook dat charismatiese kerke onnodig gekritiseer word. Die verbondenheid aan 'n Gereformeerde Kerk is nie meer so sterk nie, en trots op die kerk verdwyn. Dit beteken dat lidmate se lojaliteit aan die GKSA kwyn.

2.3.1.3 Die feit word beklemtoon dat die katkisasie-onderrig te akademies (oormatig dogmaties) is.

2.3.1.4 Sommige lidmate is van mening dat daar te veel gepraat en te min gedoen word in die kerk.

2.3.1.5 Daar is 'n soeke na inisiatiewe en meer geleenthede met die oog daarop om meer nuttig te wees in die praktyk.

2.3.1.6 'n Baie noue samehang bestaan tussen enersyds die inskakeling van nuwe lidmate, onderlinge meelewing wat meer aandag behoort te kry in die gemeentes, die behoefte om meer betrokke te wees by kerklike sake, en huisbesoek andersyds.

2.3.1.7 Lidmate soek nie verandering bloot ter wille van verandering as sodanig nie. Dit moet sinvolle en betekenisvolle aanpassings wees. Veranderinge in gemeentesang en musiek word beklemtoon.

2.3.1.8 Mense wil meer in groepverband dinge saam doen.

2.3.1.9 Lidmate se kennis van administratiewe sake, soos die werking van attestate, is baie swak.

2.3.1.10 Diakens behoort meer betrokke te raak by die bestuur van die kerk.

#### 2.3.2 Sake wat na aanleiding van die dimensies na vore kom

Sake wat dringend aandag kan kry, word hieronder saamgevat. Wat hier gegee is, kan nie as 'n bloudruk ter oplossing van die probleem

beskou word nie, maar juis sake wat kerke self kan aanspreek, en wat as riglyn kan dien vir terreine waarop gekonsentreer kan word om probleme op te los.

2.3.2.1 Doelwitte wat gemeentes stel, behoort uitvoerbaar te wees, aktief in aktiwiteite neerslag te vind, en nie slegs gedokumenteer wees nie.

2.3.2.2 Beplanning rondom evangelisering deur die kerk behoort sodanig te wees dat die kerk as gevolg hiervan sal groei, en opvolgwerk hierby is noodsaaklik.

2.3.2.3 Ons hoor oral van jongmense wat onvergenoeg is met die kerk; nietemin sê lidmate daar word genoeg aandag aan jongmense gegee. Die aandag wat hulle kry, behoort op hulle behoeftes ingestel te wees, en nie op planne wat kerkrade vir en namens hulle maak nie.

2.3.2.4 Ons moet seker maak dat ons nog steeds 'n liefde vir ons Gereformeerde erfenis kweek deur (onder andere) toe te sien dat ons lidmate "iets by die kerk kry" en nie net 'n erediens nie. Lidmate wil meer as net 'n erediens hê.

2.3.2.5 Ons moet weet wat dit is wat die Gereformeerde Kerk uniek maak, soos dit na vore kom in die identiteit van die Gereformeerde Kerk. Dit hou nie net verband met kennis van die regte kerkbegrip nie, maar ook met hoe ons ook "kerk in die wêreld" kan/moet wees (uitbeweeg na almal).

2.3.2.6 Is katkisasie-onderrig nog relevant? Die kinders moet voel dat hulle nie net feite ken nie, maar dat hulle ook volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

2.3.2.7 Doen die predikant nog steeds in sommige gemeentes alles, of sluit sy dienswerk in dat hy meer mense by aktiwiteite kan betrek? Inisiatiewe en geleenthede moet bestaan vir meer as net die predikant en die kerkraad. Lidmate moet hulle hiervoor aanbied, in welke geval die kommunikasie in die gemeente so moet wees dat almal hieroor ingelig is.

2.3.2.8 Die opleiding van teologiese studente moet sodanig wees dat die eise van die tyd volledig in ag geneem word, en dit moet ook geld by hulle keuring. Genoegsame voorsiening moet gemaak word vir kruisbestuwing van studente ook deur ander positiewe invloede. Bestuursopleiding behoort deel van sy toerusting te wees, asook ander relevante toepassingsgerigte opleiding.

2.3.2.9 Huisbesoek het dikwels net 'n formalistiese handeling geword met die minimum tyd wat daaraan gespandeer word deur die meeste kerkraadslede, en in sommige gevalle ook predikante. Huisbesoek moet meehelp tot die verhoging van mense se meelewing tot kerklike aktiwiteite en met mekaar, gegewe die baie sterk korrelasie wat tussen onderlinge meelewing, betrokkenheid en die inskakeling van nuwe lidmate, en huisbesoek as aktiwiteit bestaan. Doen ouderlinge (gegewe hulle toesighoudende funksie)

byvoorbeeld net huisbesoek om "kontrole" oor Nagmaal uit te oefen? En wat van die diaken se belangrike rol?

2.3.2.10 Ons gee nie genoeg aandag aan die rol wat sang en musiek in die erediens kan speel nie.

2.3.2.11 Gegewe die besondere druk op die kinders reeds van kleins af, moet ons die regte aandag aan hulle gee, ook met betrekking tot die erediens, en nie net vir volwassenes preek nie. Ons moet kinders/jongmense nuttig en tuis laat voel in die kerk.

2.3.2.12 Ons moet veranderinge aanbring en aanpassings in die kerk maak wat daarop gemik is om die onderlinge meelewing tussen lidmate te versterk, en nie verandering maak wat sonder betekenis is nie.

2.3.2.13 Groepaktiwiteite in die kerk is nog nie behoorlik benut om mense te betrek nie, behalwe met Bybelstudie en evangelisering. Lidmate sê hulle wil betrek wees. Hulle soek leierskap. Mense moet geïdentifiseer word om hiermee te help.

2.3.2.14 Meer kennis/inligting moet bestaan oor wat dit werklik is wat ander kerke, hier en elders in die wêreld, suksesvol maak met betrekking tot meelewing en betrokkenheid van lidmate. As lidmate na ander kerke (wil) oorgaan, behoort ons te weet wat hulle daar wil kry wat hulle nie by ons kry nie. Hiervoor kan meganismes geskep word wat ons voortdurend ingelig hou oor bv. kerkgroei-elemente.

2.3.2.15 Die rol van vroue in bogenoemde aktiwiteite behoort veel meer beklemtoon te word.

#### 2.4 *Finansiële implikasies*

Die verwagte daling van belydende lidmate het ingrypende finansiële implikasies vir die GKSA wat nie eers in die toekoms aangespreek sal kan word nie, maar wat reeds staande hierdie Sinode van 1997 aandag sal moet geniet.

Indien die begroting van die Sinode in Randwaarde absoluut konstant sal bly soos wat dit in 1996 was, dan beteken dit alreeds dat die Randwaarde van die ramings moet verhoog om dieselfde bedrag te genereer.

Hoe die Sinode dit sal moet doen, weet die Deputate nie, maar op hierdie stadium lyk dit verantwoordelik om te stel dat die Randwaarde as persentasie van die inflasiekoers kan styg met hoogstens 'n syfer wat daarop sal neerkom dat die persentasie styging in die Randwaarde van die ramings nie hoër as die inflasiekoers sal wees nie.

#### 2.5 *Skrifopdrag*

Die Here Jesus Christus vergader (a) nie alleen sy kerk nie, maar Hy beskerm (b) en onderhou/versorg (c) ook sy kerk (Heid. Kat., Sondag 21).

Kerkrade moet toesien dat hulle wat reeds deel van die kerk is, behou word. Dit moet geskied deur behoorlike funksionering van



die besondere ampte en die amp van die gelowige. Christus wil deur sy Woord en Gees sy kinders bewaar en versorg.

Daar moet 'n gees van onderlinge verbondenheid wees - "Julle is ... medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God" (Ef 2:19).

God se verbondskinders moet gebore word. Dit is 'n opdrag dat die kerk deur natuurlike aanwas moet groei. Skrif-verantwoorde gesinsbeplanning is noodsaaklik. Die Goeie Herder sê self: "Ek sal die soek wat weggeraak het, die terugbring wat weggedwaal het" (Eseg 34:16).

Evangelisering is 'n wesenselement van die kerk van die Here en van die roeping van elke gelowige. Weë moet gevind word om elke gelowige wakker te skud uit 'n gees van selfgenoegdheid.

Hand 1:8 - "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees..." Matt 28:19 - "Gaan dan heen na al die nasies toe en maak die mense my dissipels..." (Hand 2:42 en 1 Tess 1:7-9).

**Besluit:** Kennis geneem van pte.2.1 tot 2.5. Die Sinode spreek sy dank uit vir die blyke van kundigheid in die navorsing. Die Sinode rig ook 'n skrywe van dank en waardering aan br. Schalk van Vuuren van MSSA vir die hulp van sy firma. Die ander navorsingsmateriaal moet saam met Bylae A (vgl.2.1.5) saam met die Rapport bewaar word.

### **3. Sake waaroor die Sinode moet besluit**

3.1 *Bevindings oor die taak van die Kerke in verband met die tendens van dalende lidmatetal*

#### 3.1.1 Bewaring

3.1.1.1 Daar behoort indringend gekyk te word na die prediking wat inhoud en aanbieding betref. Die Woord moet die mens in die huidige tyd en situasie aanspreek.

3.1.1.2 In die bediening behoort baie erns gemaak te word met die vestiging van uniekheid van die Gereformeerde identiteit.

3.1.1.3 Pastorale bediening behoort opgeskerp te word.

Kerkrade behoort opnuut aandag te gee aan die **gereeldheid** en **wyse** van huisbesoek deur predikant, ouderling en diaken (kyk Bevestigingsformuliere). Huisbesoek mag nie maar net 'n formaliteit wees nie.

3.1.1.4 Die diakensamp as bediening van die liefdesgemeenskap in die kerk, behoort meer tot sy reg te kom. Die onderlinge meelewing en warmte in die gemeente behoort uitgebou te word. Daar behoort 'n gees van onderlinge verbondenheid in die gemeente te bestaan.

3.1.1.5 Die katkisasie-onderrig behoort die jong lidmate meer te inspireer en te motiveer om lewende lidmate van die kerk te wees. Gereformeerde identiteit in leer en lewe behoort ingeskerp te word.

3.1.1.6 Geloofsgroei behoort beklemtoon en gesoek te word.

3.1.1.7 Kerkrade behoort dringend aandag te gee aan jeugsorg, veral die naskoolse jeug. Die werk van die Jeugsorgdeputate kan 'n waardevolle riglyn wees (kyk 2.3.2.3).

3.1.1.8 Kerklike beplanning en administrasie behoort doelgerig en vaartbelyn gemaak te word sodat doellose sleur uitgeskakel te word. Daar behoort jaarliks uitvoerbare doelwitte gestel en nagejaag te word.

3.1.1.9 Geleenthede behoort geskep te word om meer lidmate te betrek in kerklike aktiwiteite - identifiseer hulle gawes.

3.1.1.10 Kerksang behoort dringende aandag te kry. Maklik singbare alternatiewe melodieë kan hier help.

3.1.1.11 Alles behoort gedoen te word om lidmate wat sonder attestaat vertrek het, op te spoor. Werksadresse en telefoonnommers asook die van naaste familie behoort bekom te word.

3.1.1.12 Kerkorde, art.44 - Visitasie behoort indringend toegepas te word oor al bostaande.

**Besluit:** Punte 3.1.1.1 tot 3.1.1.12 word goedgekeur.

### 3.1.2 Groei

#### 3.1.2.1 Geboorte-aanwas

Kerkrade behoort op grond van die Skrif aan gelowige egpare leiding te gee oor geboorte-aanwas.

#### 3.1.2.2 Evangelisering

3.1.2.2.1 Deur prediking, huisbesoek en op elke moontlike wyse behoort alle lidmate opgewek te word tot 'n bewoëndheid oor afgedwaaldes en ongelowiges en hulle behoort opgeroep en toegerus te word om 'n daadwerklike bydrae te lewer.

**Besluit:** Punt 3.1.2 word goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

### 3.1.3 Toerusting

3.1.3.1 Die Teologiese Skool behoort in sy program van voortgesette opleiding aan alle aspekte van bediening en evangelisering in 'n moderne konteks aandag te gee. Kerkrade behoort hulle predikante aan te moedig om hierdie programme aktief te steun.

3.1.3.2 Die Kuratore van die Teologiese Skool GKSA behoort die praktiese onderrigaspek van die studie in gemeentes uit te brei sodat jong predikante wat die bediening betree, genoegsaam toegerus is vir die praktyk van bediening in die huidige konteks. Die moontlikheid van 'n praktiese jaar moet oorweeg word.

3.1.3.3 Die Deputate vir Evangeliseringsmedia behoort voort te gaan om motivering en toerusting te bied deur middel van *Quo Vadis* en ander media tot hulle beskikking.

3.1.3.4 Kerke (en groepe kerke) behoort gereeld toerustingskursusse oor evangelisering aan te bied.

3.1.3.5 Die Sinode behoort Deputate vir Kerkgroei te benoem. Die opdrag van die Deputate is om die tendens binne die GKSA voortdurend te monitor en om die kerke deurlopend op hoogte te hou met die implikasies van die tendense. Die volgende Sinode moet geadviseer word oor hoe hierdie implikasies gehanteer moet word sodat die opbou van die kerke daardeur gedien kan word.

**Besluit:** Punt 3.1.3 word goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

#### 3.1.4 Verantwoordelike beplanning

3.1.4.1 Kerke behoort groot versigtigheid aan die dag te lê wanneer langtermyn finansiële verpligtinge aangegaan word. Kerkbouprojekte en afstigtings sal met groot omsigtigheid benader moet word.

3.1.4.2 Die Bestuur van die Admin. Buro behoort deurlopend aandag te gee aan 'n langtermyn finansiële plan sodat die GKSA kan voortgaan om sy noodsaaklike werk te doen en sy verpligtinge na te kom binne die vermoëns van die kerkverband.

**Besluit:** Punt 3.1.4 word goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

#### 3.1.5 Voorbidding

Kerke behoort voortdurend voorbidding te doen vir die bewaring en vermeerdering van die kerk van die Here, en vir die suiwere leer, ons kosbare erfenis.

**Besluit:** Punt 3.1.5 word goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

### **4. Opdrag aan te benoeme Deputate**

Die Sinode besluit op grond van die bevindings van die Deputate vir dalende lidmatetal die volgende:

4.1 Dat Deputate insake Bewaring en Vermeerdering van die Kerk benoem word met die volgende opdrag:

4.1.1 Om 'n inligtingstuk op te stel waarin die hoofsaak van hierdie rapport op bevatlike wyse saamgevat word, en dit aan Kerkrade beskikbaar te stel vir gebruik o.a. tydens huisbesoek. Die Deputate moet spesifiek aandag daaraan gee dat die inligtingstuk só opgestel word dat die erns van die dalende tendens blyk en Kerkrade dus self ook weë sal seek om hierdie probleme in eie midde aan te pak.

4.1.2 Om in die genoemde skrywe aan die Kerkrade melding te maak van die studieopdrag aan die Deputate deur die Sinode en die kerke uit te nooi om knelpunte en moontlike oplossings onder die aandag van die Deputate te bring.

4.1.3 Om op grond van diepgaande studie die volgende Nasionale Sinode te adviseer oor strategieë om praktiese uitvoering te gee aan die bevindings oor die taak van die kerke in verband met die

tendens van die dalende lidmatetal (vgl. al die punte onder pt. 3 [soos gewysig] van die rapport).

**Besluit:** Punt 4 word goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling)

## 25.5 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL - DIE OWERHEID SE GODGEWE ROEPING EN TAAK (Artt.89, 129, 233)

A. Dr. J.L. Venter stel die Beskrywingspunt.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt asook 'n mosie van di. A.J. du Plessis en J.L. du Plooy wat oor dieselfde saak handel word verwys na Kommissie Samelewingsake.

C. Ds. D. Laufs rapporteer namens die Kommissie.

### **D. BESKRYWINGSPUNT**

Hiermee rig die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n ernstige versoek tot die hoë owerheid van die land, om sy roeping en taak, wat God op hom gelê het ten opsigte van die handhawing van wet en orde, volgens Bybelse voorskrif na te kom, geweld en misdaad te bekamp, sodat burgers rus en vrede kan belewe en die kerk van Christus gesterk word in sy roeping en taak.

### **Motivering**

1. Die misdaad en geweld wat daagliks toeneem, wek die indruk dat die owerheid nie met genoegsame, ferme hand gesag en orde in die land handhaaf nie.
2. Waar die owerheid nie meer met ferme strafprosesse die kwaadwillige misdadigers terugdwing tot 'n aanvaarbare lewenstyl wat aan almal rus en vrede gun nie, is daar geen respek en ontsag vir die owerheid as God se gesagsdraer nie en dra die staat by tot 'n toestand van wetteloosheid.
3. Waar die owerheid nie wet en orde handhaaf nie, kan dit gebeur dat plaaslike gemeenskappe in opstand kan kom en reg in eie hande kan neem. Ons is bevrees dat as hierdie moontlikheid 'n werklikheid word, gaan die owerheid se taak net verder ondermyn word en tot groter spanning in gemeenskappe lei.
4. Die owerheid dra die swaard alleen op gesag van God op grond van Romeine 13:4 en Titus 3:1.
5. Met hierdie Beskrywingspunt wil die Partikuliere Sinode die bede van 1 Tim 2:2 bid en glo dat God aan die owerheid die wysheid en verantwoordelike besef sal gee om sy roeping en taak tot seën en vrede van almal in die land na te kom.

## E. MOSIE VIR VOORLEGGING

Die Sinode neem kennis van:

\* Die geweldsvlaag waarin ons land tans verkeer. Voorbeelde hiervan is moorde, rooftogte, kapings en bomplantings.

\* Die verwoestende gevolge van hierdie geweld vir die samelewing en die gepaardgaande ellende wat dit meebring, nl. onrus, menslike lyding en menseverlies, dit is teelaarde vir verdere geweld en chaos. Die Sinode **besluit** om kragtens die regering van die Vredevors van die wêreld, Jesus Christus:

\* die breë gemeenskap van Suid-Afrika op te roep tot die aflê van geweld;

\* die owerheid van ons land op alle vlakke op te roep om alles in werking te stel deur wetgewing en handhawing van wet en orde om 'n ordelike samelewing daar te stel en in stand te hou; die Sinode verseker die owerheid van ons voorbidding om as dienskneg van God sy taak uit te voer;

\* alle gelowiges op te roep om hulle te weerhou van geweldpleging aangesien die stryd van die burgers van God se koninkryk met die wapenrusting van die Gees gestry word;

\* naasbestaendes van die slagoffers van geweldpleging, insluitende diegene wat deur die onlangse bomontploffings getref is, aan die genade van God op te dra.

**Besluit:** Dat gevolg gegee word aan die Beskrywingspunt deur die volgende versoek tot die President van die Rep. van Suid-Afrika te rig:

1. “Die Nasionale Sinode 1997 van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika versoek die regering van die land dringend om sy roeping en taak ten opsigte van wet en orde só na te kom dat geweld en misdaad doeltreffender bekamp word. Alleen só sal die inwoners van ons land rus en vrede kan belewe.

Die hoë vlak van misdaad en geweld wek die indruk dat die owerheid nie met genoegsame ferme hand gesag en orde in die land handhaaf nie. Ons wys u op die verantwoordelike taak wat God aldus Rom 13:4 op elke owerheid lê om met die swaardmag die wat kwaaddoen te straf. Waar die owerheid nie met streng strafprosesse die kwaadwillige misdadigers terugdwing tot 'n aanvaarbare lewensstyl wat aan almal rus en vrede gee nie, word die respek en ontsag vir die owerheid as God se gesagsdraer ondermyn en dra dit tot 'n toestand van wetteloosheid by. Dit kan daartoe lei dat mense in opstand kom en reg in eie hande kan neem. Ons merk met ontsteltenis dat hierdie moontlikheid besig is om 'n werklikheid te word.

Die Sinode stel dit duidelik dat Christene nie die reg in eie hande mag neem nie. Ons weg is nie die weg van geweld nie maar ons wapen is die Woord van God, die Bybel.

Hierdie Sinode wil u oproep om deur wetgewing en die handhawing van wet en orde 'n vredevolle samelewing daar te stel en in stand te hou. As die Regering nie luister na die roepstem van die Here - deur wie se krag hy regeer - om die bose te bestry en 'n lewenswaardige bestaan vir die burgers te verseker nie, sal die gerig van die Here nie uitbly nie.

In u gewigtige regeertaak verseker ons u van ons gedurige voorbedding volgens 1 Timoteus 2:1&2 "... vir die wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid".

**Verder besluit die Sinode ook:**

1. Slagoffers van alle sinlose geweld en hulle naasbestandes word aan die genadige God opgedra.
2. Die Sinode dra aan die Deputate vir Skakeling met die Streeks- en Sentrale Owerheid op om dié versoek per brief in Afrikaans en Engels - met 'n afvaardiging uit eie geledere - by President Mandela af te dra. Hierdie versoek moet verder ook per brief aan die Premiers van die Provinsiale Owerhede gerig word.

**25.6 BESKRYWINGSPUNT SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE OOR STAATKUNDIGE EN SOSIALE AANSPREEKLIKHEID VAN DIE GKSA (Artt.90, 228, 240)**

A. Ds. A.J. du Plessis lig die Beskrywingspunt toe.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Samelewingsake.

C. Ds. D. Laufs rapporteer namens die Meerderheid van die Kommissie.

D. Oudl. F.K. van Schalkwyk stel die Minderheidsrapport van die Kommissie.

E. Punt 3 van die Kommissierapport asook die Minderheidsrapport word terugverwys na die Kommissie om in die lig van die bespreking die Sinode te adviseer.

F. Ds. D. Laufs rapporteer namens die Kommissie.

**G. BESKRYWINGSPUNT**

*"Die Sinode word versoek om hom te verantwoord oor die vraag of die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n bepaalde aanspreeklikheid moet aanvaar vir die staatkundige-sosiale verlede van Suid-Afrika met betrekking tot die vestiging en uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling of apartheid, en indien sodanig aanspreeklikheid bevestig of ontken sou word, wat die Here van die kerk in hierdie verband verwag".*

### **1. Motivering:**

Hierdie versoek word gerig in die lig van die Sinodebesluit 1991 (Acta 1991:169). "*Die Sinode keur die indiening van 'n Minderheidsrapport goed, asook die inhoud van die Minderheidsrapport*". Genoemde Minderheidsrapport lui:

"The RES declare that the ideology of apartheid, which is 'n political and social system by which human dignity is adversely affected and whereby one particular group is detrimentally suppressed by another, cannot be accepted on Christian ethical grounds because it contravenes the very essence of reconciliation, neighbourly love and righteousness, the unity of the church and inevitably the human dignity of all involved and is therefore a sin and the biblical justification of it a heresy".

Bogenoemde besluit kan implikasies hê oor:

- a) besluite wat sedert 1949 geneem is
- b) verhoudinge met die GES, die "Christian Reformed Church" asook Sinodes Suidland, Soutpansberg en Middellande.

**H. Besluit:** Dat nie aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word nie.

Motivering: Die Beskrywingspunt toon nie aan, soos KO, artt.30 en 46 dit reël, oor watter besluite die Sinode hom moet verantwoord nie.

Implikasie van hierdie besluit:

Die Sinode gee hiermee nie uitspraak oor die besluite van Meerdere vergaderings nie. Alle besluite van Meerdere vergaderings kan steeds langs die regte kerklike weg aan die Woord van God getoets word.